

8 DIE TRANSVAALSE PLAASSKOOL GEDURENDE SELFBESTUUR, 1907 - 1910

8.1 Grondlegging van neutrale staatsonderwys, 1907

8.1.1 Inleiding

Verantwoordelike selfbestuur is op 6 Desember 1906 aan Transvaalkolonie toegestaan, en in Februarie 1907 is die eerste algemene verkie-
sing vir die parlement gehou. Die „Het Volk“-
party en sy Engelssprekende bondgenote, die
Nasionaliste, het geseëvier en Louis Botha het
Eerste Minister geword. J.C. Smuts is aangewys
as Koloniale Sekretaris en Minister van Onder=
wys. Beide Botha en Smuts het hulle beywer
vir 'n versoening tussen die bittereinders en
die „hensoppers“, en tussen Boer en Brit.
Ten einde 'n „Groter Suid-Afrika“ te laat ver=
rys, het beide staatsmanne hulle beywer vir die
samesmelting van die Engelse en Afrikaanse ele=
mente.¹⁾

8.1.2 Die Smuts-onderwyswet

Waar die Sargant-onderwyswet van 1903 aan die

1) SPIES, S.B. Heropbou en unifikasie. (In
Muller, C.F.J. e.a. Vyfhonderd jaar Suid-
Afrikaanse geskiedenis, p.330).

imperialistiese beleid van Lord Milner moes vol-
doen, moes die Selborne-onderwysmemorandum van
1905 met die lewenskragtige C.N.O.-beweging
rekening hou. Lord Selborne wou sy Onderwyswet
vir die volk aanneemlik maak, sodat die C.N.O.-
beweging, wat sterk op die voorgrond begin tree
en 'n gevaar begin inhou het vir die veroweraars
se staatskoolstelsel, se skole by die goewerment-
skole ingeskakel kon word. Ten spyte van die
voorsiening van adviserende skoolkommissies en
die erkenning van moedertaalonderwys, het die
Onderwyswet van 1905 nie die gewenste uitwerking
gehad nie.

Wet no. 25, 1907 (Smuts-onderwyswet), was in
werklikheid 'n voortbouing op die beginsels van
die Selborne-memorandum. Nadat die Smuts-onder-
wyswet op 19 Augustus 1907 deur die parlement
goedgekeur is, het dit in Oktober 1909 in wer-
king getree.²⁾

Die Smuts-onderwyswet is op die volgende grond-
beginsels gebaseer:

* Doel van die onderwys

Op grond van J.C. Smuts se lewens- en wêreld-
beskouing moes die enkeling en afsonderlike

2) Wet no. 25, 1907.

klein groepie by die groter geheel inskakel. Die Afrikanerkind moes derhalwe deur middel van die onderwys voorberei word om deel van die magtige Britse Ryk te vorm. 'n Kennis van Engels was vir Smuts noodsaaklik weens die feit dat dit die wêreldtaal was. 'n Nuwe politieke samelewing moes teweeggebring word ter wille van die inskakeling by die groter geheel. Die opvoedingsdoel word „Diesseitig“, omdat daar 'n omvattende politieke samelewing tot stand gebring moes word. 3)

* Onderwysbeheer

Die beleid van desentralisasie, soos voorgestaan deur S.J. du Toit en die leiers van die C.N.O.-beweging, is deur die Smuts-onderwyswet omvergewerp en die onderwys is onder staatsbeheer geplaas. Voorsiening is vir 'n Departement van Onderwys gemaak met 'n Direkteur van Onderwys aan die hoof. 4)

Die Minister van Onderwys moes van advies bedien word deur 'n Raad van Onderwys wat uit die Direkteur van Onderwys (voorsitter) en nog vier lede bestaan het. 5)

3) PISTORIUS, op. cit., p.323.

4) Wet no. 25, 1907, art. 1.

5) Ibid., art. 7.

Transvaal is in ses en twintig skoolraads=
distrikte verdeel (art. 38(1)). Twee derdes
van die skoolraadslede moes deur die kiesers
aangewys word, terwyl die Minister van Onder=
wys die orige derde sou benoem (art. 39).⁶⁾

Vir elke laerskool, uitgesonderd die onder=
steunde plaasskole, kon die ouers wat nader
as 4,83 km vanaf die skool woonagtig was 'n
skoolkommissie bestaande uit vyf tot sewe
lede kies (art. 67). Dit was die taak van
skoolkommissies en -rade om oor die laer
onderwys toesig te hou. Die ouers kon deur
middel van die skoolkommissies, en in same=
werking met die skoolrade, hulle demokratiese
reg by die keuse van onderwysers gebruik
(art. 71).⁷⁾ Die finale keuse van onderwy=
sers het by die Direkteur van Onderwys berus
(art. 78).⁸⁾

* Die voertaalvraagstuk

Die Smuts-onderwyswet het 'n verbetering ten
opsigte van die voertaalvraagstuk gebring,
dog was dit nog nie die gekoesterde ideaal
nie. Die moedertaal was die medium vir die

6) Ibid., artt. 38-9.

7) Ibid., artt. 67; 71.

8) Ibid., art. 78.

kind se eerste skoolonderrig. Engels, hoewel nie die moedertaal nie, moes geleidelik as onderwysmedium ingevoer word, sodat dit na die voltooiing van die derde standerd die voertaal kon word (art. 30). Om na 'n hoër standerd bevorder te kon word, moes die leerling 'n bevredigende kennis van die Engelse taal hê (art. 31). Die Hollandse taal moes in openbare skole aan elke kind geleer word, tensy die ouers daarteen beswaar gemaak het (art. 32(1)). Na die derde standerd kon Hollands as voertaal in hoogstens twee vakke (benewens Godsdiensonderwys en die Hollandse taal) gebruik word (art. 32(2)).⁹⁾ Dit het in die praktyk daarop neergekom dat alle kinders Hollands kon leer, maar Engels moes leer.

J.C. Smuts het hier met die tweeslagtigheidsgedagte te doen gehad. Deur mekaar se tale te leer praat, sou die twee bevolkingsgroepe na al die stryd en bitterheid 'n beter begrip van mekaar kry. Ter wille van die gladde inskakeling by die magtige Britse Ryk het Engels 'n voorkeursposisie bo Hollands verkry, want "... a knowledge of English is necessary for all, if they are to start fairly in the competition of life,

9) Ibid., artt. 30-2.

and if there is to be the power to look out beyond the confines of the Transvaal and of South Africa, a knowledge of each other's language is desirable for all if they are to develop mutual understanding, toleration and respect".¹⁰⁾

* Godsdiensonderwys

Wet no. 25, 1907, het geen kurrikulum voorgeskryf nie, maar dit is duidelik dat Godsdiensonderwys voortaan 'n ondergeskikte plek sou inneem.

Elke skooldag moes met gebed en die lees van 'n Skrifgedeelte begin. Bybelse geskiedenis moes gedurende die eerste halfuur van die skooldag in Engels of Hollands gegee word. Geen ander persoon as die onderwyser was toegelaat om Godsdiensonderrig gedurende skoolure te verskaf nie. Aangesien geen bepaalde godsdienstige groep se leer of dogma onderwys mag word nie,¹¹⁾ kon die ideaal om verskille uit te skakel, verwesenlik en eenheid bewerkstellig word.

Dit is interessant om daarop te let dat die

10) T.E.D. Report, 30.6.1907, p.5.

11) Wet no. 25, 1907, art. 34.

bepalinge van Wet no. 25 van 1907 ten opsigte van Godsdiensoonderrig nou verwant was aan dié van Wet no. 4 van 1874. Waar T.F. Burgers hom as gevolg van sy bepalinge ten opsigte van Godsdiensoonderrig by die bevolking onbemind gemaak het, is Smuts, as gevolg van die veranderde omstandighede en lewensopvattinge, nie in die openbaar veroordeel nie. Vir die plaasmense sou die neutrale en nie-leerstellige Godsdiensoonderrig onaanvaarbaar wees, want die meeste van hulle was toe nog geheg aan hulle godsdienst, taal en geskiedenis.

Die Engels-georiënteerdes het die wetgewing toegejuig. J.E. Adamson, die destydse Direkteur van Onderwys, het Wet no. 25, 1907, soos volg aangeprys: „I think it is true to say that the Education Act of 1907 is in a real sense a Transvaal Act in that it reflects, as it should, the aspirations and traditions of the Transvaal people, and is, at the same time, a comprehensive statutory instrument which embodies the principles of a sound system of public education, and under which suitable and liberal educational opportunities may be given to all sections of the inhabitants of the Colony. It is, in a word, native, sound and liberal".¹²⁾

12) T.E.D. Report, 30.7.1907, p.7.

8.1.3 Die praktiese uitwerking van die Smuts-onder=
wyswet en die einde van die C.N.O.-skole

Nadat J.C. Smuts in die begin van 1907 Koloni=
ale Sekretaris en Minister van Onderwys geword
het, het hy uitgebreide reise deur Transvaal
onderneem. Smuts se doel hiermee was om die
bevolking, en in besonder die plaasmense, te
verseker dat die regeringskole alles kon bied
wat in die C.N.O.-beweging beliggaam was.¹³⁾

Tydens 'n kongres van C.N.O.-verteenwoordigers
op 10 April 1907 het J.C. Smuts sy beoogde on=
derwyswet uiteengesit. Hy het onder andere
verklaar dat die C.N.O.-skole nie geldelike
ondersteuning van die regering sou ontvang nie,
en dat voorsiening gemaak sou word vir die on=
derrig van die Hollandse taal en nie-sektariese
Godsdiensonderrig.¹⁴⁾

Vir die voorstanders van die C.N.O.-gedagte
was bogenoemde beleid 'n bittere teleurstelling.
Die saadjie vir 'n neutrale staatsonderwysstel=
sel was egter gesaai en die C.N.O.-beleid is
die nekslag toegedien. Baie van die C.N.O.-on=
dersteuners se belangstelling en geesdrif het
ook as gevolg van finansiële druk begin afneem,

13) ARNOLD, op. cit., p.29.

14) VAANDRAGER, op. cit., p.116. Vgl. ook:
KLOOSTER, op. cit., p.31.

en die C.N.O.-skole het die een na die ander gedurende 1907 by die regeringskole ingeskakel.¹⁵⁾ Gedurende die tydperk 1 Julie 1906 tot 30 Junie 1907 is eenhonderd en vyftien C.N.O.-skole met 4 754 kinders in die goewermentskoolstelsel opgeneem.¹⁶⁾ Enkele C.N.O.-plaasskole het nog probeer volhou, dog die meeste daarvan moes in 1908 ophou om te bestaan.¹⁷⁾

Op die plaas Hartebeesfontein, in die Krugersdorpse distrik, was daar in 1908 'n florerende C.N.O.-skool met minstens vyftig leerlinge en twee onderwysers. Ten spyte van ernstige finansiële probleme in 1911 het hierdie skool tot in 1913 voortbestaan.¹⁸⁾

'n C.N.O.-skool is te Brakfontein, in die Bronkhorstspruitse distrik, op 8 Mei 1910 geopen. Daar was dertig leerlinge en J. de Lang was die onderwyser. Weens 'n tekort aan geld moes hierdie skool in 1913 sluit. In 1910 was daar minstens sewe C.N.O.-skole in Transvaal teenoor die twee in 1909. In 1913 was daar reeds weer elf skole, maar gedurende daardie

15) KLOOSTER, op. cit., p.31.

16) T.E.D. Report, 30.6.1907, p.1-2.

17) VAANDRAGER, op. cit., p.117.

18) ARNOLD, op. cit., p.71-2.

moeilike jare van 1914-1915 het die laaste C.N.O.-skole opgehou om te bestaan.¹⁹⁾

Die C.N.O.-beweging, wat met soveel entoesiasme begin is, het sonder noemenswaardige hoogtepunte geëindig. Die stryd was egter nie tevergeefs nie, want dit het sekerlik 'n groot bydrae gelewer tot die verkryging van selfbestuur minder as vyf jaar na die Vrede van Vereeniging. Die C.N.O.-ideaal het egter by die Afrikaner bly voortleef, want "... beginsels sterven niet, kunnen niet sterven".²⁰⁾

8.2 Onderwyskonsentrasie, 1903-1910

Die probleem waarmee die owerheid geworstel het, was hoe die onderwys georganiseer moes word om die nodige onderwysgeriewe binne die bereik van elke kind in so 'n dunbevolkte en uitgestrekte landgebied te bring. Die vraag was of klein eenmanskooltjies na die kind (desentralisasie) òf die kind na groter sentrale skole gebring moes word.

Vanweë ekonomiese en opvoedkundige redes kon daar nie op elke plaas waar kinders van skool=

19) Loc. cit.

20) VISSCHER, H. Het C.N.O. van 1903 tot 1907. (In V.V.O.O.Z.A. Gedenkboek, p.157).

gaande ouderdom was 'n skooltjie opgerig word nie. Pogings is aangewend om skole op te rig waar daar minstens dertig kinders byeengebring kon word. Volgens inspekteur J.H. Corbett het die rondtrekkende leefwyse van sommige plaas= mense die oprigting van permanente plaasskole dikwels belemmer. Inspekteur M. White het bevind dat dit uiters moeilik was om 'n geskik= te plaas te vind om 'n skool op te rig. Dik= wels was daar drie maande voor die voorgenome stigting van 'n skool voldoende kinders en ses maande na die opening van die skool was daar dan te min kinders om die voortbestaan van die skool te regverdig. Hierdie toedrag van sake is deur die bywoners vererger, omdat hulle geen vaste woonplek gehad het nie.²¹⁾

Tydens 'n konferensie van inspekteurs van on= derwys in Augustus 1903, is daar besluit om groter en doeltreffender sentrale skole op die platteland ten koste van die eenmanskooltjies op te rig. Daar moes voorsiening gemaak word vir koshuisakkommodasie vir leerlinge wat nie binne loopafstand van die skool af gewoon het nie.²²⁾

Die beleid van onderwyskonsentrasie op die plat=

21) T.E.D. Report, 31.12.1903, p.8.

22) Ibid., p.9.

teland is in Desember verder gevoer. Gedurende die tweede konferensie van skoolinspekteurs is die gedagte uitgespreek dat van donkievervoer gebruik gemaak moes word as die koshuisstelsel die plaasouers nie sou bevredig nie.²³⁾

Sedert sy diensaanvaarding in 1905 het J.E. Adamson, Direkteur van Onderwys, gepoog om die aantal eenmanskole op die platteland drasties te verminder. Vir die finansiële jaar 1905/6 is die bedrag van R12 000,00 beskikbaar gestel vir losies- en vervoerbeurse. Hierdie geld moes aangewend word om geïsoleerde plaaskinders in staat te stel om die naaste skool te besoek.²⁴⁾

Vervoer- of losiesbeurse van hoogstens R0,40 per leerling per week is aan leerlinge wat verder as 4,83 km van die naaste skool af gewoon het toegestaan.²⁵⁾ Beurshouers het gemiddeld R0,25 per week ontvang. Minstens 1 306 kinders is gedurende die jaar wat op 30 Junie 1906 geëindig het na die verskillende plaasskole vervoer.²⁶⁾

23) Ibid., p.12-3.

24) Ibid., 30.6.1905, p.13.

25) Country school bursary regulations, artt. 1; 2; 5. T.E.D. Report, 30.6.1905, appendix J, p.48.

26) T.E.D. Report, 30.6.1906, p.41.

In 1906 is die organisasie en administrasie van die beursgeld in die hande van die verskillende skoolrade geplaas. Vanweë die feit dat die skoolrade die plaaslike omstandighede beter geken het, was hulle beter in staat om die beurstoekennings te behartig. Die beurstoekennings moes in samewerking met die skoolkommissies geskied doen word.²⁷⁾

Wet no. 25, 1907, was bevorderlik vir die sentralisasiebeleid. Artikel 5(b) het aan die Minister van Onderwys die reg verleen om koshuise en onderwyserswonings by plaasskole te laat oprig. Volgens art. 19 was ouers verplig om toe te sien dat kinders vanaf hulle agste tot en met hulle veertiende jaar die skool gereeld besoek. Slegs kinders wat verder as 4,83 km van die skool af gewoon het en waar geen departementele vervoergeriewe beskikbaar was nie, is van verpligte skoolbesoek vrygestel.²⁸⁾

Dit is duidelik dat die ylverspreide landelike bevolking 'n ernstige struikelblok was by die implementering van die sentralisasiebeleid. Die nadele verbonde aan die eenmanskole is terdeë besef, dog daar kon nie geheel en al

27) Ibid., p.42.

28) Wet no. 25, 1907, artt. 5; 19.

daarmee weggedoen word nie. Ten spyte van die feit dat minstens twintig eenmanskole gedurende die jaar wat op 30 Junie 1907 geëindig het gesluit het, was daar nog 'n groot aantal skole wat nie eers oor die vereiste minimum van vyf en twintig leerlinge beskik het nie.²⁹⁾

In Junie 1908 was daar tweehonderd sewe en sewentig plaasskole met een onderwyser; eenhonderd en tagtig met twee onderwysers; agt met drie onderwysers en slegs een met vier onderwysers. Minstens honderd vier en twintig eenmanskole het oor minder as die vereiste minimum van vyf en twintig leerlinge beskik.³⁰⁾

Verskillende Inspekteurs van Onderwys het hulle in 1908 sterk ten gunste van sentralisasie uitgespreek. T.G. Ligertwood het die oprigting van eenmanskole afgekeur, omdat dit die peil van die plattelandse onderwys sou verlaag en 'n onekonomiese besteding van geld was.³¹⁾

Inspekteur N. Hofmeyr het dit teen die onekonomiese verspilling van onderwysmannekrag by klein skooltjies gehad. Wanneer drie eenmanskole amalgameer kon een onderwyser se diens by 'n

29) T.E.D. Report, 30.6.1907, p.13.

30) Ibid., 30.6.1908, p.6.

31) Ibid., p.71.

ander skool gebruik word.³²⁾ Volgens M. White het die inskakeling van die C.N.O.-skole by die staatskoolstelsel al die struikelblokke wat oorbrug moes word om te kon sentraliseer uit die weg geruim. In 'n poging om die oprigting van C.N.O.-skole te ontmoedig, het skoolrade dikwels die oprigting van klein plaasskooltjies nader as 4,83 km van bestaande skole af oog=luikend toegelaat.³³⁾

Dit het moeilik gegaan om die ouers te oortuig dat sentrale skole groter voordele ingehou het as die eenmanskole. Plaasouers het beweer dat hulle tydens vergaderings mislei is, want daar was aan hulle belowe dat 'n skool opgerig kon word wanneer daar, ongeag op watter plaas, minstens vyf en twintig kinders byeengebring kon word. In die Rustenburgse distrik was daar byvoorbeeld in Junie 1908 twee plaasskole wat minder as 3,22 km van mekaar was, en verskeie skole wat nader as 4,83 km van mekaar geleë was.³⁴⁾

Inspekteur M. White het verder betoog dat die goeie vordering wat daar met die bou van paaie gemaak was die uitvoering van die sentralisa=

32) Ibid., p.75.

33) Ibid., p.85.

34) Ibid., p.85-6.

siebeleid verder vergemaklik het. Ossewaens kon oor meer paaie beweeg en meer trekdiere was beskikbaar. Volgens White kon tente op die waens aangebring word om die kinders teen on= gure weersomstandighede te beskerm. 'n Beson= dere poging moes aangewend word om die ouers van die groter voordele van sentrale skole te oortuig. Verskeie plaasmense het in 1908 nog gepoog om 'n eie skool op hulle plase te ver= kry, vanweë die feit dat hulle summier geweier het om hulle kinders na 'n naburige skool op 'n nabygeleë plaas te stuur. 35)

Indien daar van ossewavervoer gebruik gemaak moes word, moes die afstand van die beginpunt tot by die skool volgens M. White binne een uur afgelê kon word. Muilewaens kon 'n langer af= stand binne die tydsbestek van een uur aflê as die stadiger osse- en donkiewaens. Die roetes vir ossewaens moes hoogstens 6,44 km lank wees, en dit moes nie vir leerlinge nodig gewees het om verder as 1,61 km vanaf hulle woonhuis na die naaste punt van die wa se roete te loop nie. 36)

Volgens 'n voorgestelde sentralisasieskema van M. White sou daar in 1908 in die Rusten=

35) Ibid., p.86.

36) Ibid., p.87.

burgse distrik minstens vyf plaasskole tot stand gebring kon word met honderd leerlinge. Nege en twintig eenmanskole sou gesluit kon word.³⁷⁾

Vir die Maricose distrik het M. White die volgende interessante sentralisasieskema uitgewerk:³⁸⁾

Name van skole waar amalgamasie moontlik was	Inskrywing	Inskrywing na amalgamasie	Afstand in km vir vervoer	Opmerkings
Kruisrivier	15(1)		6,44	(1) Kyk Zeerust.
Vergenoeg-Wes	20(1)		6,44	(2) 9,66 km van Ottoshoop.
Buffelshoek (2)	30		9,66	(3) Geskat vanaf Honing-
	10(3)		8,05	tein. Kranz en Quarriefon-
	10(4)		6,44	tein.
Paardenvlei	15(5)		6,44	(4) Geskat vanaf Stink-
* Jacobsdal	51	151		houtboom.
				(5) Geskat.
Kruisrivier	15(1)		6,44	(1) Helfte van geskatte
Vergenoeg-Wes	20(1)		6,44	getal. Kyk Jacobs-
* Zeerust	183	218		dal.
Quaggafontein	40		6,44	(1) Geskat vanaf Witrand,
	60(1)		4,83 -	Rhenosterfontein,
			9,66(2)	Doornhoek, Knoffelfon-
Rietvlei Meyer	72		8,05	tein en Paardenplaats.
* Kafferskraal	52	224(3)		(2) Meeste onder 6,44 km.
				(3) Op sentrale plaas.
Waterkloof no. 148	26		6,44	
Damesburg	43		6,44	
* Schietkraal	85	154		
Rietvlei Naude	25(1)		0	(1) Geskat.
Wilgeboomspruit	25(1)	50(2)	0	(2) Sentrale plaas.
Vergenoeg-Oos	52		4,83(1)	(1) Wa word benodig vir 'n
Wonderfontein	40		0	paar leerlinge.
Driefontein	35		0	(2) Geskat vanaf Doornkraal.
	10(2)	137(3)	8,05	(3) Op sentrale posisie.
Schuinsdrift	46		9,66(1)	(1) Minder as 6,44 km vir
	40(2)		9,66(3)	bale.
* Rickersdam	20	106		(2) Geskat vanaf Rhenoster-
				fontein.
				(3) Minder as 6,44 km vir
				die meeste.
* Rhenosterfontein Draai	20(1)		6,44	(1) Geskat vanaf Grootfon-
	72	92		tein.
Cyferfontein	30(1)		6,44	(1) Geskat
* Bokkraal	45	75		
* Klaarstroom	15(1)		4,83	(1) Geskat vanaf Tweefon-
	35	50		tein.

Tabel XXVIII

37) Loc. cit.

38) Ibid., p.90.

Ten spyte van die feit dat die Direkteur van Onderwys die bestaan van eenmanskole as die swak skakel in die onderwysstelsel beskou het, en dit aan die skoolrade opgedra het om sonder ophou die „... evangelie van centralisasie ...” te verkondig, moes die bestaan daarvan op die platteland, vanweë die ylverspreide bevolking, noodwendig geduld word. In Junie 1909 was daar nog 370 eenmanskole, dit wil sê, ongeveer 70% van die totale aantal buiteskole. Slegs 198 eenmanskole het meer as die vereiste minimum van 25 leerlinge gehad, met ander woorde 172 skole (ongeveer 32%) het oor minder as 25 leerlinge beskik.³⁹⁾

'n Bedrag van R32 000,00 is in die finansiële jaar 1908/9 aan skoolrade beskikbaar gestel vir vervoer- en losiesbeurse. Gedurende daardie jaar het ongeveer 3 100 kinders van beurse gebruik gemaak om sentrale plaasskole te bereik.⁴⁰⁾

Wet no. 3, 1909, het aan skoolrade die reg verleen om self vervoerdienste in te stel en in stand te hou.⁴¹⁾ Dit was die taak van die skoolkommissies en ouers om vir die diere wat

39) T.O.D. Rapport, 30.6.1909, p.5.

40) Ibid., p.16-7.

41) Wet no. 3, 1909, art. 1.

deur die skoolrade aan hulle beskikbaar gestel is te sorg. Voorheen was dit die algemene praktyk om met individue kontrakte aan te gaan om die kinders skool toe te vervoer. Bogenoemde wetgewing het die tydperk van die donkiekarretjie ingelui, want volgens J.E. Adamson was die „... nederige ezelkar met drie of vier kinderen, en de grotere transportwa=gen ...” in 1909 op skooldae 'n algemene ver=skynsel in die Transvaalse plattelandse distrik=te. ⁴²⁾

Donkie- en ossewawervoer was egter nie by die plaasmense gewild nie. Volgens J.H. Corbett, Inspekteur van Onderwys, het gevalle voorgekom waar dit kinders minstens vier ure geneem het om per ossewa na en van die skool te reis. Corbett was van oortuiging dat 'n doeltreffende koshuisstelsel die oplossing vir baie probleme sou wees. Die enigste beswaar wat ouers teen koshuise kon opper, was dat die kinders nie gedurende die week beskikbaar sou wees om met die plaasarbeid behulpsaam te wees nie. ⁴³⁾

Vanaf Julie 1909 tot Junie 1910 was daar 'n aansienlike vermindering in die aantal een=manskole. Waar daar in Junie 1909 89 plaas=

42) T.O.D. Rapport, 30.6.1909, p.17.

43) Ibid., p.89.

skole met minder as twintig leerlinge was, was daar in Junie 1910 slegs 84.⁴⁴⁾ Uit 'n toetaal van 18 376 plaasskoolleerlinge het meer as 3 500 van losies- of vervoerbeurse gebruik gemaak om sentrale skole te besoek. Met groot genoegdoening kon J.E. Adamson dan ook in Junie 1910 soos volg rapporteer: „All over the country districts schools are springing up - real schools - schools with three or four classrooms, with from 50 to 100 children, and two, three, or four teachers".⁴⁵⁾

Volgens die Direkteur van Onderwys was 'n skool met drie onderwysers „... more than three times better than a school with one". J.E. Adamson het voorts verklaar: „The difference between the school where the pupils are divided into three and each teacher takes his third, and the school where the teacher is divided into three and each group takes its third, is a difference between order and chaos, between a competency and a hand-to-mouth existence".⁴⁶⁾

Die bestaan van die eenmanskool het die koms van sentralisasie aan die hand gewerk. Die skoolgeboutjies was ondoeltreffend en die

44) T.E.D. Report, 30.6.1910, p.3.

45) Ibid., p.21.

46) Ibid., p.21-2.

onderwysers het ernstige behuisingsprobleme ervaar. Eenmanskole het voorts gebuk gegaan onder 'n gebrek aan doelmatige toerusting, min leerlinge en probleme om die leerlinge in klasse te groepeer. Leerlinge in die hoër klasse is dikwels aan hulleself oorgelaat, terwyl die onderwyser sy onverdeelde aandag aan die jongeres moes skenk.⁴⁷⁾

8.3 Die ontwikkeling en uitbreiding van die plaas-skoolstelsel, 1907-1910

8.3.1 Goewermentskole

Artikel 16(1) van Wet no. 25, 1907, het aan die Minister van Onderwys magtiging verleen om laerskole op te rig waar minstens vyf en twintig kinders byeengebring kon word om onderwys te ontvang. Die tweede deel van art. 16 het weer bepaal dat die Minister van Onderwys, na oorlegpleging met die betrokke skoolraad, opdrag kon gee dat 'n skool summier gesluit word as die leerlingtal tot benede die vereiste minimum van vyf en twintig gedaal het.⁴⁸⁾

J.E. Adamson was bevrees dat bogenoemde bepaling in die Smuts-onderwyswet die oprigting

47) FOURIE, J.J. Koshuise en die Transvaalse skoolstelsel, p.53.

48) Wet no. 25, 1907, art. 16.

van eenmanskole sou stimuleer. Adamson het die bestaan van eenmanskole onder sekere plattelandse omstandighede aanvaar, dog dit was sy wens dat 'n skool met minstens veertig leerlinge en twee onderwysers die kleinste skool moes wees wat toegelaat moes word om te bestaan. In alle opsigte sou 'n uitbreiding van vervoerskemas en losiesfasiliteite van groter waarde wees as 'n vermeerdering van die getal eenmanskole.⁴⁹⁾

Die sogenaamde klas IV-skole, wat in die praktyk uitsluitlik plaasskole was, is met ingang van 1 Julie 1907 soos volg onderverdeel:⁵⁰⁾

Klas	Aantal leerlinge
IV A	70 - 100
IV B	40 - 69
IV C	30 - 39
IV D	Benede 30

Tabel XXIX

Volgens 'n aanbeveling van J.E. Adamson moes die hergradering van plaasskole vanweë die flotterende plattelandse bevolking met groot versigtigheid gedoen word, want „... fluctuations

49) T.E.D. Report, 30.6.1907, p.14.

50) Ibid., p.15-6.

in grade carrying fluctuations in salary would be worse than no system of grading".⁵¹⁾

Die verspreiding van die plaasskole volgens die getal leerlinge was op 30 Junie 1908 soos volg:⁵²⁾

Leerlinge:	0-20	21-25	26-35	36-40	41-70	71-100	101-150
Skole:	49	75	153	72	108	8	1

Tabel XXX

Daar was toe nog 277 eenmanskole en 180 tweemanskole. Slegs agt plaasskole het oor drie onderwysers beskik en een oor vier onderwysers. Volgens bostaande gegewens was daar in Junie 1908 124 skole met 'n gemiddelde inskrywing van vyf en twintig en minder wat volgens art. 16(2) van Wet no. 25, 1907, in gevaar gestaan het om gesluit, òf gedegradeer te word tot ondersteunde plaasskole.

Die aantal plaasskole, gerangskik volgens die inskrywings, was op 30 Junie 1909 en 30 Junie 1910 respektiewelik soos volg:

(Vervolg op p.383).

51) Ibid., p.16.

52) Ibid., 30.6.1908, p.38.

Die aantal plaasskole, gerangskik volgens die inskrywings, op 30 Junie 1909 en 30 Junie 1910

Inskrywing	Aantal skole	
	30.6.1909 ⁵³⁾	30.6.1910 ⁵⁴⁾
0 - 20	89	84
21 - 25	83	89
26 - 35	196	180
36 - 40	79	68
41 - 70	79	111
71 - 100	9	11
101 - 150	2	3
	537	546

Tabel XXXI

Die vermeerdering van buiteskole met 41-70 leerlinge vanaf Junie 1909 tot Junie 1910 is opmerklik. Dit blyk dat die beleid van onderwyskonsentrasie teen 1910 reeds 'n voldonge feit was. Die aanvoorwerk was toe gedoen, en die sentralisasiebeleid kon na Uniewording vinniger uitgevoer word.

8.3.2 Ondersteunde plaasskole

Op afgeleë plekke waar daar nie goewermentskole

53) T.O.D. Rapport, 30.6.1909, p.49.

54) T.E.D. Report, 30.6.1910, p.97.

was nie kon ondersteunde privaatskole opgerig word, indien daar minstens tien leerlinge byeengebring kon word. 'n Regeringstoelaag sou aan hierdie skole in ooreenstemming met hulle inskrywing betaal word onder die volgende voorwaardes: die toelaag per leerling moes nie meer wees as die gemiddelde bedrag wat per leerling by goewermentskole vir die voorafgaande jaar bestee is nie; ondersteunde plaasskole moes verder as 9,66 km van 'n bestaande skool af wees; die skoollokaal moes geskik wees; die onderwyser moes deur die skoolraad aanbeveel en deur die Direkteur goedgekeur word; hierdie privaatskole was onderhewig aan inspeksie en indien die leerlingstal sodanig sou vermeerder dat daar vyf en twintig leerlinge was, kon die Direkteur gelas dat so 'n skool omskep word in 'n goewermentskool.⁵⁵⁾

Vanweë die feit dat die regering in beginsel teen staatsteun aan privaatskole gekant was, is die voorwaardes waaronder sodanige skole ondersteun kon word in artikels 35-7 van die Smuts-onderwyswet skerp omlyn. Artikel 35 het vereis dat privaatskole met tien of meer leerlinge by die Onderwysdepartement geregistreer moes word en dat 'n skoolbesoekregister asook 'n volledige register van die onderwysers

55) Wet no. 25, 1907, art. 17.

met hulle bevoegdheede moes aangehou word. In= spekteurs van onderwys moes dié skole gereeld besoek en hulle vergewis dat die bestaan daar= van nie nadelig vir die liggaamlike, geestelike en morele ontwikkeling van die kinders was nie (art. 36). Op 'n skriftelike versoek sou 'n verslag van elke inspeksiebesoek aan die eie= naar of onderwyser beskikbaar gestel word (art. 37).⁵⁶⁾

Alhoewel die Direkteur van Onderwys die bestaan van die ondersteunde plaasskole „... nauweliks iets anders dan ondeugdelik ...” bestempel het, het dié skole van sewe in Junie 1908⁵⁷⁾ ver= meerder tot drie en dertig in Junie 1910.⁵⁸⁾

8.4 Die algemene onderwyspeil en die voertaal= kwessie

Gedurende die jare 1906-1910 het die onderwys= peil van plaasskole ongunstig vergelyk met dié van dorpskole. Benewens die skoolbeginners moes die onderwyser van eenmanskole dikwels nog vier ander standerds besig hou. Plaaskinders het ongereeld skool toe gekom en die onderwy=

56) Ibid., artt. 35-7.

57) T.O.D. Rapport, 30.6.1909, p.6.

58) T.E.D. Report, 30.6.1910, p.3-4.

sers was dikwels onbevoeg.⁵⁹⁾ 'n Verdere faktor wat die onderwyspeil nadelig beïnvloed het, was die onwilligheid van onderwysers om lank by eenmanskole te bly. Onderwysers het plaasskole vermy, omdat hulle dikwels nie huisvesting kon kry nie. Dit was derhalwe hoofsaaklik die ongekwalifiseerde onderwysers wat by plaasskole werksaam was. Volgens H.P. Mills, Inspekteur van Onderwys, was daar in die Waterbergse en Soutpansbergse distrikte in Junie 1910 minstens 54 ongekwalifiseerde onderwysers aan plaasskole verbonde. Hierdie onopgeleide onderwysers was hoofsaaklik hoofde van eenmanskole. By 23 eenmanskole was die hoofpos in die Noordelike inspeksiekring gedurende die jaar wat op 30 Junie 1910 geëindig het minstens een keer vakant.⁶⁰⁾ Die voortdurende verwisseling van personeel moes die peil van onderwys by plaasskole ernstig beïnvloed het.

Dit was die ervaring van M. White, skoolinspekteur, dat dit veral die jonger kinders was wat by eenmanskole moes ly. Besondere aandag is aan die groepie kinders in die boonste klasse ten koste van die jonger leerlinge bestee, omdat hulle „... als veren op hun hoed ...” moes dien waarmee hulle wou pronk. Nes verskeie van

59) Ibid., 30.6.1907, p.18.

60) Ibid., 30.6.1910, p.140.

sy kollegas het White aanbeveel dat die vierde standerd die boonste grens van die eenmanskole moes wees.⁶¹⁾

Baie plaasmense het gedurende daardie jare die waarde van voortgesette onderwys onderskat. Sommige ouers het selfs hulle kinders se veertiende verjaardag, die ouderdom wat bereik moes word om vrygestel te kon word van verpligte skoolbesoek, feestelik gevier. Die kinders is toe onmiddellik uit die skool geneem ongeag die standerd waarin hulle was.⁶²⁾

As gevolg van al bogenoemde faktore was die grootste persentasie van die plaasskoolleerlinge in die laer klasse en die gemiddelde ouderdom van die leerlinge in die verskillende klasse betreklik hoog.

(Vervolg op p.388).

61) T.O.D. Rapport, 30.6.1909, p.95.

62) T.E.D. Report, 30.6.1910, p.142.

Die persentasie leerlinge en hulle gemiddelde ouderdom (jare en maande) in die verskillende klasse by plaasskole op 31 Junie 1910⁶³⁾

Standard	Persentasie van die leerlinge	Gemiddelde ouderdom
Grade	32,40	8.3
1	20,10	11.2
2	17,20	12.0
3	13,70	13.3
4	9,20	13.11
5	4,80	14.9
6	2,00	15.9
7	0,60	16.8

Tabel XXXII

Die voertaal vir aanvangsonderwys was Hollands. Engels moes gaandeweg as voertaal ingevoer word, sodat die voertaal na die voltooiing van die derde standerd in ooreenstemming met die skoolwet Engels kon wees. Plaasskoolonderwysers het egter nie altyd geweet wanneer daar met Engels begin moes word en hoeveel tyd daaraan benede die derde standerd bestee moes word nie.⁶⁴⁾

Oor die algemeen was die onopgeleide plaasskool=

63) Ibid., p.99, 101.

64) Ibid., 30.6.1908, p.26.

onderwysers swak in Engels en kon derhalwe moeilik aan die taalvereistes van die skoolwet voldoen.⁶⁵⁾ Hollands was by plaasskole in 'n veel sterker en meer begunstigde posisie as Engels, omdat Hollands die leerlinge se huistaal was. Die plaaskinders het buite die gewone skoolure selde Engels gehoor.⁶⁶⁾

Meer as die helfte van die totale aantal skoolure per week is aan die onderrig van Hollands en Engels bestee, dog plaaskinders kon selde een van die twee tale korrek praat of skryf.⁶⁷⁾

8.5 Geboue, meubels en toerusting

8.5.1 Geboue

Alhoewel daar sedert die beëindiging van die oorlog in 1902 R98 774,00 aan die oprigting van skoolgeboue op plase bestee is, was daar in 1906 nog 'n groot tekort aan skoolakkommodasie. Stadige bouwerk en die probleme wat ondervind is om 'n sentrale plaas te vind om 'n skoolgebou op te rig, het die oprigting van doelmatige geboue vertraag.⁶⁸⁾

65) Loc. cit.

66) Ibid., p.27-8.

67) T.O.D. Rapport, 30.6.1909, p.28.

68) T.E.D. Report, 30.6.1906, p.43; 45.

Baie skoolgeboutjies was swak geventileer, vogtig, donker en sonder 'n plafon en vloer.⁶⁹⁾ 'n Groot aantal geboue moes tydelik as skool=lokale dien en dit sou onekonomies wees om groot uitgawes aan te gaan om sulke geboue te repareer.⁷⁰⁾ Inspekteur J.P. Botha het sommige van die skoolgeboutjies beskryf as "... een vies, vervallen, klein krot".⁷¹⁾

Nadat 'n geskikte terrein uiteindelik gevind is, moes daar soms maande lank gewag word om mense te vind wat bereid was om 'n skoolgebou op te rig. Dit het soms so lank geduur om skoolgeboue op te rig dat sommige leerlinge die boonste grens vir verpligte skoolbesoek bereik het sonder om skoolonderwys te ontvang.⁷²⁾ Eienaars van privaatgeboutjies het dikwels 'n buitensporige hoë huurgeld van die Departement van Onderwys vir swak skoollokale ontvang.⁷³⁾

Oor die algemeen het plaasskoolonderwysers niks gedoen om die skoolterrein aantreklik te

69) Ibid., 30.6.1907, p.59.

70) Ibid., 30.6.1908, p.91.

71) T.O.D. Rapport, 30.6.1909, p.87.

72) T.E.D. Report, 30.6.1910, p.111.

73) Ibid., p.138.

maak nie en oninteressante, onbewerkte en slordige skoolterreine was 'n algemene verskynsel op die platteland. Skoolterreine is verder ontsier deur die papiere, perskeskille en leë blikkies wat veral naby die onderwyserswoning rondgestrooi was. Diegene wat nog gepoog het om die skoolterrein te verfraai, is ontmoedig deur die gebrek aan water en die rondloperdiere wat op die onomheinde skoolterreine gewei het.⁷⁴⁾

In Junie 1907 het J.E. Adamson op die noodsaaklikheid van goeie onderwyserswonings by sentrale plaasskole gewys. Onderwyserswonings sou meehelp dat onderwysers langer by plaasskole bly en dat gekwalifiseerde onderwysers na die platteland gelok word. Die enkele bestaande onderwyserswonings was klein, swak geventileer⁷⁵⁾ en die huurgeld buitensporig hoog.⁷⁶⁾

8.5.2 Ameublement

Waar die Onderwysdepartement self kontrakte aangegaan het vir die lewering van meubels vir die stad- en dorpskole, moes die skoolrade gewoonlik reël vir die lewering van die meubels

74) Ibid., 30.6.1908, p.91.

75) Ibid., 30.6.1907, p.21.

76) Ibid., p.79.

vir die buiteskole.⁷⁷⁾

Volgens die inspeksieverslae van daardie jare was die meubels dikwels nog in 'n swakker toestand as die skoolgebou. Baie van die meubelstukke was nog van die konsentrasiekampe afkomstig en in 'n lendelam en gehawende toestand.⁷⁸⁾ In die Bloemhofse, Lichtenburgse en Wolmaransstadse distrikte het daar by baie skole, volgens 'n verslag van J.P. Botha, die onderwyserstafel en -stoel nog ontbreek. Daar was te min banke en dié wat daar was, het nie altyd by die kinders se liggaamsbou aangepas nie.⁷⁹⁾

8.5.3 Noodsaaklike toerusting

Volgens J.H. Corbett, Inspekteur van Onderwys, was die tekort aan goeie skryfborde een van die ernstigste leemtes by plaasskole. Leesboeke was skaars en duur. Ouers het dikwels bladsye uit die kinders se skrifte geskeur om persoonlike skryfwerk te doen.⁸⁰⁾

As gevolg van die voortdurende verwisseling

77) SNYMAN, op. cit., p.278.

78) T.E.D. Report, 30.6.1908, p.51.

79) T.O.D. Rapport, 30.6.1909, p.143.

80) T.E.D. Report, 30.6.1907, p.60.

van onderwysers by plaasskole was daar nie altyd goeie kontrole oor die skoolmateriaal nie en onnodige skade is gely. Inspekteur H.P. Mills het in 1907 aanbeveel dat hoofde van eenmanskole eers al die skoolmateriaal by die betrokke skoolraad moes inhandig, alvorens hulle kon vertrek. Die nuwe hoofde kon dit dan weer by die skoolrade in ontvangs neem.⁸¹⁾ Mills het voorts aanbeveel dat die skryfborde teen die mure vasgeheg moes word, aangesien die los skryfborde en esels onnodige vloerruimte in die beknopte klaslokale in beslag geneem het.⁸²⁾

Daar was 'n ernstige tekort aan goeie landkaarte en oor die algemeen het die nodige muurversiering in die klaslokale ontbreek. Slegs in uitsonderlike gevalle is skoolbiblioteke aangetref.⁸³⁾

8.6 Inskrywing en skoolbesoek

Ouers was verplig om hulle kinders vanaf hulle agste en tot en met hulle veertiende jaar skool toe te stuur, indien daar 'n goewermentskool

81) Ibid., p.45.

82) Ibid., 30.6.1910, p.138.

83) T.O.D. Rapport, 30.6.1909, p.83.

nader as 4,83 km van die ouerhuis was.⁸⁴⁾ Strafbepalings is neergelê indien ouers hier= die reëling sou verontagsaam.⁸⁵⁾ Dit was die taak van die skoolrade om met behulp van skool= besoekbeampes toe te sien dat die wetsbepaling ten opsigte van verpligte skoolbesoek gehand= haaf word.⁸⁶⁾

Met die instelling van gratis verpligte onder= wys het die onderwys 'n staatsonderneming ge= word, en die kind het dan ook ten opsigte van die skoolonderwys die verantwoordelikheid van die staat geword. Dit het die verantwoordelik= heid van die staat geword om die nodige fasili= teite daar te stel om die plaaskinders na die goewermentskole te bring indien hulle verder as 4,83 km van die skool af gewoon het. Die ouers moes toesien dat hulle kinders die neutra= le staatskole, waaraan hulle aanvanklik min waarde geheg het, besoek. Gedurende daardie jare was beide die ouers en kinders dan ook verheug wanneer die tydperk vir verpligte skool= onderwys verstreke was.⁸⁷⁾

Na die betreklike stilstand ten opsigte van

84) Wet no. 25, 1907, art. 19.

85) Ibid., art. 20.

86) Ibid., art. 21.

87) SNYMAN, op. cit., p.375-6.

die toename in die leerlingtal vanaf 1903 tot 1906, was daar vanaf 1907 'n vinnige vermeerdering van die leerlingtal. Die toename in die aantal laerskoolleerlinge was waarskynlik die onmiddellike gevolg van die implementering van die wetsbepaling in verband met verpligte skoolbesoek. Die volgende gegewens vertoon 'n duidelike beeld van die toename van die leerlingtal by plaasskole gedurende die tydperk 1903-1910.

Skoolbesoek by buiteskole, 1903-1910⁸⁸⁾

Jaar	Gemiddelde jaarlikse inskrywing	Gemiddelde jaarlikse werklike skoolbesoeke	Werklike skoolbesoek as 'n persentasie van die inskrywing
1903	7 373,20	6 296,00	85,40
1904	9 965,10	8 284,40	83,10
1905	9 596,60	7 976,90	83,10
1906	9 940,30	8 172,90	82,20
1907	10 008,80	8 091,80	80,80
1908	14 884,60	12 726,10	85,50
1909	17 387,50	14 772,20	85,00
1910	18 775,30	16 123,70	85,80

Tabel XXXIII

J.E. Adamson het in 1907 sy misnoeë uitgespreek oor die swak skoolbywoning van plaaskinders,

88) T.E.D. Report, 30.6.1910, p.95-6.

naamlik 80.8%. Volgens die syfers vir 1907 het elke plaaskind gemiddeld een uur per skooldag; een dag per week en meer as agt weke gedurende daardie jaar van die skool af weggebly. Die skoolbywoningsyfer van plaaskinders is nadelig deur die volgende faktore getref: die tekort aan nie-blanke plaasarbeiders; stortreëns gedurende die somer en vol riviere; onvoldoende belangstelling van die ouers en kinders in skoolonderwys; die onwilligheid van die meeste ouers om opofferings te maak om hulle kinders by die goewermentskole te kry; die vertrek van die Engelse onderwysers wat gedurende die oorlogsjare en onmiddellik daarna in Transvaal aangekom het na hulle vaderland of na die dorpe.⁸⁹⁾

In Junie 1908 het die Direkteur van Onderwys melding gemaak van die mooi verbetering wat daar te bespeur was ten opsigte van die skoolbywoning van die plaaskinders.⁹⁰⁾ Sedert 1907 het die leerlingtal by plaasskole besonder vinnig vermeerder. In 1909 was daar 'n vermeerdering van 3 000 leerlinge bo die vorige jaar in die goewermentskole, en van hierdie getal is 2 500 leerlinge by plaasskole aangetref.⁹¹⁾

89) Ibid., 30.6.1907, p.13-4.

90) Ibid., 30.6.1908, p.3.

91) T.O.D. Rapport, 30.6.1909, p.2-3.

Gedurende die skooljaar wat op 30 Junie 1910 geëindig het, was die persentasie skoolbesoek by die plaasskole die hoogste wat dit ooit was, naamlik 85,50%. Hierdie „bevredigende” syfer was baie bemoedigend veral wanneer dit in gedagte gehou word dat die kinders dikwels lang afstande in ongure weersomstandighede moes aflê om die skole te bereik.⁹²⁾

8.7 Die tekort aan gekwalifiseerde onderwysers

Gekwalifiseerde onderwysers was dun gesaai op die platteland. Die ongekwalifiseerde hoofde van eenmanskole was ook van die geleentheid weerhou om van 'n bevoegde kollega hulp en professionele leiding te ontvang, met die gevolg dat daar min hoop was dat die gehalte van die onderwys by die klein plaasskooltjies sou verbeter.⁹³⁾

Die meerderheid plaasskoolonderwysers het, soos wat dit uit onderstaande gegewens blyk, oor geen onderwysersertifikaat beskik nie en is voorwaardelik toegelaat om onderwys te verskaf.

(Vervolg op p.398).

92) T.E.D. Report, 30.6.1910, p.2.

93) Ibid., 30.6.1908, p.59.

Onderwyserssertifikate (in persentasies uitge-
 druk) waaroor plaasskoolonderwysers beskik het
 gedurende die jare 1907-1910⁹⁴⁾

Jaar	Volle onderwyser= sertifikaat	Voorwaardelike onderwysersserti= fikaat
1907	43,10	56,90
1908	44,50	55,50
1909	43,40	56,60
1910	49,70	50,30

Tabel XXXIV

In die volgende tabel word die verhouding van
 die onderwysers tot die leerlinge by plaasskole,
 bereken volgens die gemiddelde inskrywing vir
 die vierde kwartaal vir die jare 1907-1910,
 aangetoon:

(Vervolg op p.399).

94) Ibid., 31.12.1912, p.111.

Die verhouding tussen onderwysers en leerlinge,
1907-1910⁹⁵⁾

Jaar	Aantal onderwysers	Aantal leerlinge	Verhouding van onderwysers tot leerlinge
1907	487	10 846,2	1 : 22,2
1908	682	16 031,8	1 : 23,5
1909	844	17 294,7	1 : 20,5
1910	883	18 775,3	1 : 21,3

Tabel XXXV

In Junie 1910 was daar 627 mans en slegs 256 dames aan plaasskole verbonde, dit wil sê ongeveer 66% mans teenoor die skamele 34% dames.⁹⁶⁾

Die gedurige verwisseling van personeel en die daarmee gepaardgaande gebrek aan kontinuïteit het, volgens M. White, die algemene peil van onderwys baie nadelig getref. Getroude onderwysers het voortdurend van die een na 'n volgende skool verwissel, omdat hulle probleme ontdek het om vir hulle gesinne geskikte huisvesting op plase te kry.⁹⁷⁾

95) Ibid., p.113.

96) Ibid., 30.6.1910, p.102.

97) Ibid., p.156.